**Sessie 2.**

**Die moedergemeente in Jerusalem - Handelinge 2-15**



Die storie van die begin en groei van die kerk vanaf ongeveer 33 - 67 nC word vir ons in Handelinge vertel. Uittreksels van hierdie geskiedenis kan ook in Nuwe Testament briewe gevind word. Die storie van die vroeë kerk is vol van verrassings, uitdagings, geleenthede en struikelblokke. Hierdie week gaan ons na die gebeure kyk vanaf die uitstorting van die Heilige Gees (Handelinge 2) tot en met die eerste 'sinode' vergadering in Jerusalem (Handelinge 15). In die volgende week gaan ons die gebeure vanaf ongeveer 60-100 nC volg. Na die jaar 70 het omstandighede ingrypend verander.


Vyftig dae na die viering van die Joodse Paasfees (die volk se bevryding uit Egipte se slawerny) het die viering van die Jood se Pinksterfees in Jerusalem aangebreek. Joodse gelowiges het die gebeurtenis herdenk toe Moses met die volk by die berg Sinai gekom en God sy Wet aan hulle gegee het. Vir hierdie fees het Jode van ver na Jerusalem gereis en was die stad weereens gepak. In die midde hiervan lees ons van 'n groep van ongeveer 120 van Jesus se volgelinge wat hulle ook in die stad bevind (Handelinge 1:15)

**Lees Handelinge 1:12-15.** Wie was almal in die bo-vertrek teenwoordig en wat was hulle verwagting? Wie neem leiding?



**Lees Handelinge 2: 1-13.** Wat presies het in hierdie teks gebeur?

- Daar was 'n groot groep Jode, wat regoor die antieke wêreld in ander lande gebly het, in Jerusalem bymekaar vir die viering van die Joodse Pinksterfees. Alhoewel sommige nog Hebreeus kon verstaan, was dit lank nie meer hulle huistaal nie - eerder die tale van die lande waaruit hulle afkomstig was.
- Die klein groep van Jesus se navolgers (ongeveer 120) wat almal net Hebreeus kon praat begin, begin om met die uitstorting van die Heilige Gees, in die tale van hierdie ander antieke samelewings praat (sien die kaart hieronder).
- Wat is die implikasie van hierdie gebeurtenis? Wat sê dit oor die aard en werking van God se Gees?




"Onder die leiding van die Heilige Gees" (Hand. 2:14) verduidelik Petrus wat hier gebeur.

- God se Gees is nie net 'n plaaslike of kulturele verskynsel nie maar het 'n universele impak. Het Petrus die impak van dit wat hy probeer verduidelik besef of is sy verwagtinge net steeds gebou op Jesus as die Joodse Messias? Die feit dat die Heilige Gees mense in die tale van die wêreld laat praat is 'n duidelik aanduiding dat dit hier om meer as net die Jode se toekoms gaan.
- Dan draai Petrus spesifiek na die Jode in Jerusalem en maak die punt dat Jesus die Christus. Met ander woorde, Jesus is die beloofde Messias (Christus is die Griekse benaming vir die Hebreeuse woord, Messias).

- Reeds vroeg in die verhaal is daar 'n ontknopende spanning tussen God wat naby en ver werksaam is.

*Die hele Israel moet nou vas en seker weet: God het hierdie Jesus, wat julle gekruisig het, Here en Jesus gemaak!*


**Handelinge 2:36**

Na Handelinge 2:36 lees ons hoe die res van die storie in Jerusalem tussen Joodse gelowiges ontvou. Is dit die enigste storie van die vroeë kerk? Nee, toe die getuies van hierdie gebeure na Europa, Asië en Afrika teruggekeer het, het hulle oor hierdie gebeure getuig en het die Heilige Gees het op dieselfde wyse as in Jerusalem mense se lewens prakties kom aanspreek. Paulus word geag as die eerste sendeling, maar waar hy in Klein-Asië en Europa kom vind hy kerke/groepe wat reeds tot geloof gekom het. Ons het ongelukkig nie geskrifte wat die getuienis van hierdie groepe verwoord nie.

**Die gemeente in Jerusalem**

Na Handelinge 2:36 volg die verhaal van die begin van die vroeë kerk in Jerusalem. Lees Handelinge 2:37-47.

- Wat het hulle gedoen? Godsdienstig het min verander. Hulle het nooit gedink dat hulle besig is met 'n aparte godsdiens naas Judaïsme nie. Soos gewoonte het hulle gereeld tempel toe gegaan en die Joodse feeste en gebruike nagekom. Hulle is te midde van verskeie ander Joodse groepe (Fariseërs, Sadduseërs, Selote en Esseners) binne Judaïsme en die tempel in Jerusalem geakkommodeer en het spesifieke gereeld in die Pilaargang van Salomo bymekaargekom. Tog het hulle die verwagting gekoester dat die reg van die Joodse gelowiges spoedig by hulle sou aansluit.
- Hulle het geglo dat hulle geroep was om in Jerusalem te wag vir Jesus se terugkoms wat nog in hulle eie leeftyd sou realiseer en daarom hulle grond en besittings verkoop om die geld aan almal uit te deel.
-




- Wat hulle uniek gemaak het was die styl van lewe wat deur die Heilige Gees in hierdie omstandighede in hulle wakker gemaak het (roeping) wat die groep van 120 (Hand. 1:15) tot 3 000 (Hand. 2:41) tot 5 000 (Hand 4:4).
- Hulle het 'n paar basiese dinge gedoen 1) Hulle het hulle toegelê op die leer van die apostels 2) die sorg en omgee van mense 3) etes (die gewone liefdes maaltyd [*agape*] en die nagmaal [*eucharistia*]) 4) en gebede. Afgesien hiervan was hulle volledig deel die Rabbynse Judaïsme van die tyd.

**Die gemeente in Jerusalem raak divers**

Die Joodse bevolking was aanvanklik baie goedgesind teenoor hierdie groep gelowiges, maar soos hulle getalle toegeneem en die diversiteit groter geword het, het gou spanning toegeneem. In Handelinge 3-6 lees ons oor twee uitdagings. Eerstens het hulle onder druk van die Joodse Raad gekom omdat hulle Jesus se opstanding verkondig het (Hand 5). Tweedens, is die groep van binne uitgedaag deur verskille.




Ten spyte dat dieselfde Gees hulle gedring het, het die groei van die gemeente hulle voor die uitdaging van sosiale, kulturele en politieke verskille gebring.

- Die Hebreeus-sprekendes. 'n Gedeelte van die plaaslike Joodse gemeente wat Aramees gepraat het (die Apostel groep).
- Die Griekssprekende diaspora. 'n Gedeelte van die plaaslike Joodse gemeente wat uit die diaspora gekom het. Hulle het Grieks gepraat en was blootgestel aan die groter Griekse Romeinse leefwêreld van die tyd.

Die verskille waarvan ons in Handelinge 6:1-2 lees, was deel van 'n veel groter groeiende uitdaging, naamlik diversiteit. Vanuit dieselfde Joodse groep groei verskillende perspektiewe, verwagtinge en gebruike.

| **Aspek** | **Die Twaalf (dissipels)** | **Stefanus se groep (die Sewe)** |
|---|---|---|
| Herkoms | Galilese, Arameessprekende Jode | Grieks-sprekende Jode uit die diaspora |
| Leierskap | Apostels (Petrus, Johannes, ens.) | Diakens (Stefanus, Filippus, ens.) |
| Fokus | Tempel, kontinuïteit met Judaïsme | Krities teenoor die Tempel; oop vir heidene |
| Teologie | Jesus as die Messias van Israel | Jesus as universele Verlosser; God se Gees oral teenwoordig |
| Verwagting | Lei die gemeente in Jerusalem (Jakobus nou leier) | Begin die sendingwerk buite Jerusalem (Hand. 8–11) |

**Stephanus se toespraak - lees Handelinge 7**

In Handelinge 7 probeer Stefanus verwoord dat God hier met iets groter besig is as net die Jode, hulle godsdiens en tempel. Na sy toespraak is hy deur die Jode gestenig waarna die Griekse deel van die gemeente vervolg is en uit Jerusalem moes vlug. Die Apostels en Hebreeus sprekende bevolking is egter met vrede gelaat. Jakobus, Jesus se broer, het hierna die leiding van die moedergemeente oorgeneem.




Lees Handelinge 7:54-8:2, ook 11:1-3 en 26 asook Handelinge 15

Vanaf ongeveer 33-50 nC het die Heilige Gees die vroeë kerk van 'n homogene tot 'n heterogene (diverse) groep laat groei. Reg deur die kerk se 2000 jaar geskiedenis het hierdie spanning telkens soos in Handelinge op 'n breekpunt gekom waar gelowiges moes onderskei hoe hulle daarop gaan reageer.

**Hoe praat die verhaal van hierdie sessie vandag met jou oor die kerk se storie?**